

Betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland in akademiese kontekste

Boekresensie: *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika, 1880-2005* (Gerrit Schutte)
De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika, 1880-2005

Gerrit Schutte

Uitgeverij Meinema, 2005

ISBN 9-021140-88-8

Resensie deur Pieter de Klerk

Daar is reeds talle werke oor die geskiedenis van universiteite geskryf en dit is waarskynlik nie vergesog nie om te verklaar dat universiteitsgeskiedenis die status van 'n onderafdeling van die intellektuele geskiedenis verwerf het. Universiteitsgeskiedenis raak eerstens ontwikkelinge in die wetenskap en die onderwys, maar in sy werk oor die Vrije Universiteit van Amsterdam (VU) en Suid-Afrika handel Gerrit Schutte oor 'n besondere aspek van universiteitsgeskiedenis, naamlik 'n universiteit se internasionale betrekkinge, waarby die politieke en kulturele verhoudinge tussen lande, in hierdie geval Nederland en Suid-Afrika, ter sprake kom. Sy werk is dus 'n voorbeeld van 'n wetenskaplike projek waarby oor die konvensionele grense van verskeie dissiplines heen beweeg word.

Die VU is in 1880 deur die bekende Nederlandse teoloog, filosoof en politikus Abraham Kuyper gestig. Kuyper, wat dikwels as die vader van die Neo-Calvinisme bestempel word, wou in hierdie inrigting sy beskouing dat 'n Christelike (of meer spesifiek Calvinistiese) lewensooruiging ook in die wetenskap en die onderwys na vore moet kom, toepas. Met die 125-jarige viering van die VU se stigting is daar 'n hele paar boeke oor aspekte van die universiteit se geskiedenis geskryf. In sy werk gaan Schutte daarom nie in op die algemene ontwikkeling van die VU nie, maar gee slegs aandag aan die noue verhouding wat hierdie universiteit met Suid-Afrika gehad het. Kuyper en sy medestanders het die Boere van die Transvaalse en Vrystaatse republieke as geloofsgenote en ook as stamverwante beskou. Schutte toon aan dat Kuyper, met sy beskouing dat die Boere hul kinders na die VU toe behoort te stuur vir universiteitsonderrig, in botsing gekom het met die Transvaalse president Paul Kruger se ideaal om 'n eie universiteit vir sy republiek te kry. Tydens en na die Anglo-Boereoorlog het betrekkinge tussen die VU en die Afrikaners verstewig en was daar veral noue bande met die Potchefstroomse Universiteitskollege (later Universiteit) vir Christelike Hoër Onderwys (PU), wat hom volgens die voorbeeld van die VU probeer vestig het.

Tot in die sewentigerjare van die vorige eeu het baie studente van Suid-Afrika aan die VU gestudeer en ongeveer 80 het ook daar hulle doktorsgrade behaal. Die meeste van hulle het in die teologie gepromoveer. Sommige van die teoloë was afkomstig van die PU, maar baie het van die universiteite van Stellenbosch en Pretoria gekom en het predikante in die NG Kerk geword. Schutte toon aan dat hierdie studente 'n belangrike bydrae gelewer het om die Fakulteit Teologie aan die VU uit te bou en dat die VU, op sy beurt, 'n betekenisvolle aandeel gehad het aan die opleiding van Afrikaanse godsdienstige en intellektuele leiers.

Die noue verhouding met die PU, wat in die vyftigerjare gelei het tot 'n ooreenkoms om studente uit te ruil, is vertroebel deur politieke probleme, in besonder die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid wat vir die akademië aan die VU al minder aanvaarbaar geword het. Schutte verskaf 'n uitgebreide en insiggewende oorsig van die wyse waarop die verhoudinge tussen die VU en Suid-Afrika vanaf die sestigerjare verander het. Die VU het hom in sy betrokkenheid by Suid-Afrika nou nie meer in die eerste plek op die Afrikaners gerig nie, maar op die hele bevolking. In die afgelope twee dekades het 'n hele aantal Suid-Afrikaners van verskillende bevolkingsgroepe dan ook aan die PU gestudeer. Die noue bande wat daar vroeër weens die gemeenskaplike lewensbeskoulike oortuigings en die stamverwantskapsgevoel met die Afrikaners geheers het, bestaan tans nie meer nie, hoewel verskeie wetenskaplikes van die VU steeds by navorsingsprojekte in en oor Suid-Afrika betrokke is.

Schutte is self een van die VU-akademië wat noue kontak met Suid-Afrika behou het, ook in die tyd van vertroebelde politieke verhoudinge. Hy het, veral deur sy betrokkenheid by die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, hom daarvoor beywer om kulturele bande tussen die twee lande te behou. In sy akademiese werk het hy ook 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gelewer. Hy het dus ongetwyfeld die regte agtergrond om 'n werk oor hierdie onderwerp te skryf, en sy intieme kennis van politieke en akademiese ontwikkelinge in Suid-Afrika kom deurgaans in die boek na vore.

Hoewel min opgetekende ervaringe van Suid-Afrikaanse studente wat in die vroeë twintigste eeu aan die VU gestudeer het, beskikbaar is, verskaf Schutte tog 'n interessante beeld van die studente wat, toe daar nog min of geen geleenthede was om hoër onderwys in hul moederland te ontvang nie, etlike jare lank vir verdere studie in Nederland gebly het. Oor die Suid-Afrikaanse studente aan die VU sedert die vyftigerjare, kon Schutte inligting by die oudstudente self inwin. Vir hierdie persone behoort die boek veral interessante leesstof te verskaf en herinneringe aan hulle studietyd op te roep. Daar word ook betekenisvolle inligting verskaf oor die probleme wat Suid-Afrikaners wat in Nederland gaan studeer het oor die jare heen ervaar het.

Schutte het 'n onderhoudende skryfstyl en daar is ook 'n hele aantal foto's in die boek. Dit word aanbeveel vir diegene wat geïnteresseerd is in universiteitsgeskiedenis en in onderwerpe soos die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika en die ervaringe van Suid-Afrikaners in Nederland.